AFRIKAANS TWEEDE TAAL HG VRAESTEL 3

Oor die algemeen wil dit voorkom asof die stelwerkkomponent van die taal nie aandag geniet nie. In sommige gevalle is dit te betwyfel of enige onderrig in hierdie afdeling plaasgevind het. Daar is sentrums wat ontsettend swak gevaar het, veral in afdeling C, ander het eenvoudig nie die vraag beantwoord nie. Daar was ook enkele gevalle waar die kandidaat nie al drie vrae beantwoord het nie. Dalk sal dit help as 'n riglyndokument aan alle sentrums voorsien kan word. Dit sal aan die opvoeder en die kandidaat 'n aanduiding gee van wat presies in hierdie vraestel verwag kan word. Omdat hierdie vraestel deur volwassenes geskryf is, het lewensgetroue vertellings van hoogstaande gehalte navore gekom. Kandidate kon met al die onderwerpe identifiseer.